Sondag **18 Augustus**

**Skrifgedeelte: Maleagi 1:1-5**

**Fokusgedeelte: Maleagi 1:2a**

## God se barmhartige liefde en sy soewereine haat

In die Bybel lees ons herhaaldelik hoe die Here se liefde aan sy kinders openbaar word. Die evangelie is immers die evangelie van God die Vader se liefde vir sy kinders. Die liefde van die Here het egter geweldige implikasie in die lewe van elke gelowige.

Die profeet Maleagi verkondig aan Israel wat die implikasie is van die feit dat die Here hulle as volk liefgehad het. Hy het in sy liefde Israel uit die slawerny van Egipte verlos. Die voorbeeld van Jakob en Esau wys daarop dat die Here nie die persoon aansien nie, maar dat Hy uit sy vrye genade sy liefde openbaar aan wie Hy wil.

Die teendeel van God se liefde, ondanks die sonde van Jakob, is die haat wat Hy vir Esau gehad het. Die liefde van die Here vir sy volk word juis in sy haat vir Esau duidelik. Ons moet nie verstaan dat die Here op grond van onregverdige motiewe vir Esau gehaat het nie, maar juis op grond van sy regverdigheid.

Esau het die seëninge van die verbond verag en ontrou daarmee omgegaan. Dit wek die Here se toorn oor die mens. Elkeen van ons verdien die Here se haat, want ons het onreg gedoen en in sonde verval, maar Christus het vir ons die regverdige haat van die Here gedra, sodat ons die ewige lewe kan hê.

Die openbaring van die Here se liefde vir Jakob en sy haat vir Esau raak elkeen van ons direk in ons daaglikse bestaan. Die eerste gevolg van die openbaring van liefde en haat roep die volk op om sy Naam in alles te verheerlik. Die Naam van die Here word verheerlik, want Hy is getrou aan al sy verbondsbeloftes. Die grondgebied van Edom is lank reeds vernietig, maar die Here gee herstel aan sy volk. Hy hou ons in stand en versorg ons sodat ons Hom altyd sal eer.

*Sing: Psalm 75-1:1, 2, 6*

*Dr. C (Christiaan) Jooste (Waterberg)*